GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2023

**10870**

**TOERISME**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

TOERISME

**27 bladsye**

10870A

X05

b.o.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings en TIEN vrae.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin die antwoord van ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.
4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
5. Gebruik die puntetoekenning wat by elke vraag aangedui is om die lengte van jou antwoord te bepaal.
6. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Inkomende internasionale toeriste verkies om Suid-Afrika te besoek wanneer die rand ... is.

A sterk
B swak
C skommelend
D duur

1.1.2 Swak omgewingspraktyke sluit die gebruik van ... in.

A songedrewe verhittingstelsels
B toestelle wat baie energie gebruik
C laevloei stortkoppe
D energiebesparende gloeilampe

1.1.3 Meksiko-stad (-6) is … uur agter Kairo (+2).

A 6
B 7
C 8
D 9

1.1.4 Die professionele personeelbeeld van ŉ toerismebesigheid sluit ... in.

A ŉ ingewikkelde webblad
B handelsmerkskryfbehoeftes vir die kliënte se gebruik
C goeie kommunikasievaardighede
D sonpanele op die dak van die gebou

1.1.5 Die algemene werksure van ŉ werknemer vir ŉ vyfdag werksweek is ..., soos in die Wet op Basiese Indiensnemingsvoorwaardes aangedui.

A 40 uur
B 45 uur
C 50 uur
D 55 uur

1.1.6 ŉ Belangrike faktor wat bydra tot die sukses van ŉ attraksie:

A Onetiese optrede van die personeel
B Gebrek aan opritte vir besoekers in rolstoele
C Sekuriteitsbeamptes met uniform wat geen identifikasie toon nie
D ŉ Netjiese en goedversorgde voorkoms van die perseel

1.1.7 Die ikoon wat met die Holocaust en Hitler geassosieer word:

A Kremlin
B Auschwitz
C Machu Picchu
D Vryheidstandbeeld

1.1.8 Dié Wêrelderfenisterrein was eens die tuiste van ŉ vooraanstaande Afrika-nasie wat omstreeks 1200 NC in goud en ivoor handel gedryf het:

A Barberton Makonjwa Berge
B Fossiel Homoniede Terreine van Suid-Afrika
C Mapungubwe Kulturele Landskap
D Robbeneiland

1.1.9 Die onderhoud en bewaring van begraafplase van nasionale belang is die verantwoordelikheid van ...

A UNESCO.
B SAHRA.
C SATSA.
D PTGS.

1.1.10 ŉ Internasionale handelskou wat jaarliks in Londen gehou word wat besighede ŉ platform gee om weer bymekaar aan te sluit en die globale toerisme-industrie te herbou:

A WTM
B Getaway Skou
C Africa's Travel Indaba
D ITB

1.1.11 Volhoubare en verantwoordelike toerisme word slegs bereik deur die implementering van die ... pilare.

A maatskaplike en ekonomiese
B ekonomiese en omgewings
C omgewings en maatskaplike
D omgewings, ekonomiese en maatskaplike

1.1.12 Die term wat verwys na die hoofverantwoordelikhede van ŉ werknemer terwyl hy/sy by die werksplek is:

A Reisvoordele
B Byvoordele
C Kernpligte
D Gedragskode

1.1.13 Maniere om verantwoordelike toerisme te beoefen volgens die ekonomiese pilaar sluit die ... in.

A verwydering van uitheemse plante
B bewaring van ons kulturele erfenis
C bewaring van plante en diere
D die oorhandiging van eienaarskap aan die plaaslike gemeenskap

1.1.14 Sesuur in die aand word as ... geskryf volgens die 24-uur horlosie.

A 18:00
B 06:00
C 16:00
D 04:00

1.1.15 ŉ Negatiewe impak van toerisme op die plaaslike gemeenskap:

A Werkskepping
B Vaardigheidsontwikkeling
C Kulturele trots
D Verlies aan privaatheid

1.1.16 Die gastenker (vragmotor) wat in Boksburg in 2022 ontplof het, word as ... geklassifiseer.

A ŉ burgeroorlog
B ŉ natuurlike ramp
C terrorisme
D ŉ ongeluk

1.1.17 ŉ Globale resessie lei tot ...

A minder groei in die ekonomie en toerismebedryf.
B meer beskikbare werksgeleenthede in die toerismebedryf.
C die toeriste wat meer geld het om te spandeer.
D hoër besoekersgetalle by die bestemmings.

1.1.18 ʼn Voordeel van ʼn geld-toepassing (‘*app’*) vir ʼn toeris:




A Daar is ʼn wagperiode voordat die betaling geprosesseer kan word.
B Dit kan slegs tydens kantoorure in ʼn bank gebruik word.
C Dit is ʼn gerieflike en ʼn geldlose (‘*cashless’*) manier van betaling.
D Sodra ʼn transaksie voltooi is, kan dit nie omgekeer word nie.

1.1.19 “Lewer ʼn WOW kliënte-ervaring” lei tot …




A kliënte wat nie die besigheid ondersteun nie.
B kliënte wat positiewe mondelingse reklame (‘*word-of-mouth*’) gee.
C die besigheid wat aan ʼn verlies ly.
D die besigheid wat nie die kliënte tevrede kan hou nie.

1.1.20 Die grafiek hieronder toon Suid-Afrika se ... markte.




A kern
B grond
C streeks
D plaaslike

(20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN term/woord vir ELK van die volgende beskrywings deur ŉ term/woord uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.6 ekonomies.

| |
|---|
| volhoubaarheid; ewenaar; bilharzia; plaaslike; tydsone; breedtelyn; lengtelyn; DBT; malaria |

1.2.1 ŉ Eenheid wat gelyk is aan beide een uur en 15 grade

1.2.2 Die bewaring van hulpbronne vir toekomstige generasies

1.2.3 Denkbeeldige lyne wat van noord na suid loop

1.2.4 ŉ Siekte wat veroorsaak word deur parasitiese wurms wat in slakke aangetref word

1.2.5 Die praktyk waar horlosies een uur vorentoe geskuif word in die somer

(5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 IBP.

1.3.1 ŉ (Paspoort/Visum) is ŉ reisdokument wat ŉ persoon identifiseer as ŉ burger van die land waarin hy/sy gebore is.

1.3.2 ŉ (Indiensnemingskontrak/Gedragskode) is ŉ wetlik bindende ooreenkoms tussen ŉ besigheid en sy betaalde werknemers.

1.3.3 (Doeane/Immigrasie) regulasies monitor die goedere wat oor die grens van ŉ land ingebring word.

1.3.4 Die ekonomiese pilaar is ook bekend as die (planeet/wins) pilaar.

1.3.5 Wanneer ŉ land ŉ (aanbevole/verpligte) inenting vir geelkoors vereis, moet besoekers bewys van hierdie inenting hê om die land binne te kom.

(5 x 1) (5)

1.4 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by die konsep/term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.4.6 H.


| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Oorsese aankomste | A | Die reksprong by die Bloukransbrug |
| 1.4.2 | Duur van verblyf | B | Noordwes en Vrystaat |
| 1.4.3 | Gemiddelde besteding | C | Die bedrag betaal vir goedere en dienste tydens ŉ toeristevakansie |
| 1.4.4 | Mees besoekte provinsies | D | Die aantal internasionale besoekers aan ŉ land in ŉ spesifieke jaar |
| 1.4.5 | Aktiwiteite wat onderneem word | E | Die tydsduur wat ŉ toeris by ŉ bestemming deurbring |
| | | F | Die aantal toeriste wat plaaslik reis |
| | | G | Wes-Kaap en Gauteng |

(5 x 1) (5)

1.5 Bestudeer die wêreldkaart hieronder. Lees die beskrywings van die ikone in VRAAG 1.5.1 tot 1.5.5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Pas elkeen van die ikone op die kaart (**A**, **B**, **C**, **D** en **E**) by die korrekte beskrywing (1.5.1 tot 1.5.5).
Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1 tot 1.5.5) en die korrekte letter (A – E), bv. 1.5.6 F.

**WÊRELDIKONE**




**[Bron: Eie ontwerp]**

1.5.1 Blomme, groente en vars vrugte word vanaf bote op die riviere verkoop.

1.5.2 Dié ikoon is bekend as die "Verlore Stad van die Inkas".

1.5.3 Hierdie dame hou ŉ kliptablet in haar linkerhand en ŉ fakkel in haar regterhand.

1.5.4 Die Koloradorivier het miljoene jare geneem om die landskap in ŉ steilkantige kloof te erodeer (uit te kerf).

1.5.5 ŉ Aktiwiteit wat as een van die oudste sportsoorte in Spanje beskou word.


(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING**

**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die Wêreldtydsone kaart en die inligting op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg.



**INTERNASIONALE TOERISME- EN REISSKOU 2023**



# INTERNASIONALE TOERISME- & REISSKOU

Nonhlanhla Khumalo, ʼn toeroperateur, het ʼn uitnodiging ontvang om die Internasionale Toerisme- en Reisskou in Montreal, Kanada, op Saterdag, 4 November 2023, by te woon. Sy sal vanaf Suid-Afrika op Woensdag, 1 November 2023 na Doha vertrek. Vanaf Doha sal sy ʼn aansluitingsvlug neem na Montreal, Kanada. Haar vlugskedule lyk soos volg:

- Die vlug vertrek van OR Tambo Internasionale Lughawe op Woensdag, 1 November 2023.
- Die vlug arriveer op Hamad Internasionale Lughawe, Doha om 23:00 op Woensdag.
- Na die oorstaantyd op Doha, vertrek die aansluitingsvlug (die tweede been van haar reis) vanaf Doha om 08:00 op Donderdag, 2 November 2023.
- Die vliegtyd van Doha na Montreal, Kanada sal 13 uur lank wees.
- Me. Khumalo sal na Suid-Afrika terugkeer op Woensdag, 8 November 2023.

**LET WEL**: Ignoreer DBT want Kanada sal NIE DBT toepas wanneer Me. Khumalo daar arriveer NIE.

2.1.1 Bereken die tyd en datum van Me. Khumalo se aankoms in Montreal, Kanada. (5)


2.1.2 Me. Khumalo moet ʼn telefoonoproep om 14:00 op Maandag, 6 November 2023 vanaf Montreal na haar kantoor in Suid-Afrika maak.

Bereken hoe laat die telefoon by haar kantoor in Suid-Afrika sal lui. (3)

2.1.3 Verwys na jou antwoord op VRAAG 2.1.2 om vas te stel of daar iemand in die Suid-Afrikaanse kantoor sal wees ten tye van Me. Khumalo se telefoonoproep.

Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

2.2 Verwys na die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer die toestand waaraan Me. Khumalo heel waarskynlik sal ly ná haar vlug van Doha na Montreal, Kanada. (2)

2.2.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (2)

2.2.3 Bespreek EEN voorkomingsmaatrëel wat Me. Khumalo kan volg *voor* die vlug om die simptome van die toestand wat in VRAAG 2.2.1 geïdentifiseer is, te verminder. (2)

2.3 Bestudeer die inligting oor die veiligheid van toeriste en beantwoord die vrae wat volg.

**IS ONS TOERISTE VEILIG?**

ʼn Groep Duitse toeriste se reis na Mpumalanga het tragies geëindig toe een van hulle deur ʼn groep gewapende mans doodgeskiet is.

Die SAPS woordvoerder het gesê dat die vier toeriste op Maandag deur die gewapende mans wat in ʼn Volkswagen Caddy gery het, gekonfronteer is. Hy het gesê dat die toeriste in ʼn Hyundai H1 op die Numbipad naby Witrivier gery het. Hulle was oppad na die Kruger Nasionale Park.

Die aanvallers het die toeriste beveel om die voertuig se deure oop te maak. Die bestuurder het eerder al die deure gesluit. Hy is toe deur die venster in sy bolyf geskiet.

**[Aangepas uit www.news24.com]**

2.3.1 Gee raad aan potensiële toeriste na Suid-Afrika deur TWEE veiligheidsmaatreëls te bespreek wanneer hulle per motor na hulle bestemming reis. (4)

2.3.2 Bespreek TWEE impakte wat die tragiese insident, wat in die artikel hierbo beskryf word, op die toerisme-industrie in Suid-Afrika kan hê. (4)

2.4 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Peterson arriveer op OR Tambo Internasionale Lughawe na ŉ vakansie in die Verenigde Koninkryk. Mnr. Peterson beweeg deur die rooi kanaal om die volgende items in sy besit te verklaar:

- 400 sigarette
- 20 sigare
- 50 ml parfuum
- 3 x 750 ml wyn

2.4.1 Kies TWEE items uit die lys hierbo waar die volle hoeveelhede in Mnr. Peterson se besit as belastingvry toegelaat sal word. (2)

2.4.2 (a) Identifiseer the TWEE items waarop Mnr Peterson ŉ ekstra bedrag (heffing) sal moet betaal. (2)

(b) Gee die toegelate aantal/volume vir elk van die TWEE items wat belastingvry is wat in VRAAG 2.4.2 (a) geïdentifiseer is. (2)

2.5 Verwys na die verklaring hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TB IS DIE HOOFOORSAAK VAN BAIE STERFTES**

stats sa

Departement
Statistieke Suid-Afrika
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

ŉ Verslag wat ontvang is van Statistieke Suid-Afrika (StatsSA) het aangetoon dat Tuberkolosis (TB) die hoofoorsaak is van dood onder mense tussen 2016 en 2018 in Suid-Afrika.

**[Aangepas uit www.sanews.gov.za]**

2.5.1 Verduidelik TWEE voorsorgmaatreëls wat toeriste kan tref teen moontlike besmetting met tuberkulose. (4)

2.5.2 Gee EEN manier hoe ŉ tuberkulose-infeksie behandel kan word. (2)

**[36]**

**QUESTION 3**

3.1 Bestudeer die buitelandse valuta-verhandelingstabel en die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- Toon ALLE berekeninge.
- Rond die antwoorde af tot TWEE desimale plekke.

| LAND/STREEK | BANK AANKOOP KOERS | BANK VERKOOP KOERS |
|---|---|---|
| Verenigde State van Amerika | 16,61 | 17,53 |
| Groot Brittanje (Verenigde Koninkryk) | 20,06 | 21,29 |
| Europa | 17,52 | 18,73 |

**[Aangepas van www.nedbank.co.za]**

**WATTER GELDEENHEID IS HIERDIE?**




3.1.1 Gee die internasionale 3-letter kode vir die geldeenheid in die prent hierbo. (1)

3.1.2 Kies die simbool uit die lys hieronder vir die geldeenheid in die prent hierbo. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 3.1.2 E. (1)

| A £ | B € | C $ | D ¥ |
|---|---|---|---|

3.1.3 Mev. Aiden is ŉ Suid-Afrikaanse diplomaat wat besig is met voorbereidings om by die Verenigde Nasies in New York te gaan werk. Sy moet R50 000 oorskakel na VS dollars om vir uitgawes te betaal.

Bereken die bedrag wat sy in VS dollars sal ontvang. (3)

3.1.4 Mnr. Smith, ŉ Britse dokter, besoek Suid-Afrika vir die somervakansie. Hy het £1 000 kontant om in Suid-Afrika te spandeer.

Bereken die bedrag wat hy in ZAR by ŉ bank sal ontvang vir sy £1 000. (3)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**TOERISME DRA BY TOT DIE BBP**




**3,7%**

Toerisme se bydrae tot die BBP

Inkomende toerisme is 'n belangrike deel van die toerisme sektor.

Toerisme dra 3,7% by tot Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Produk.




Hou in gedagte dat 'n sterk rand beide inkomende toerisme and BBP sal beïnvloed.

**[Aangepas uit www.miningweekly.com]**

In 'n paragraaf, bespreek die impak van 'n sterk rand op inkomende toerisme en die BBP.

Jou antwoord moet die volgende insluit:
- TWEE impakte op inkomende toerisme
- EEN impak op die BBP van die land (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISTEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die prente hieronder, wat uit 'n reistydskrif onttrek is, en beantwoord die vrae wat volg.

**ONTDEK LONDEN**



**A**






**B**



**C**



**D**

**[Bron: Eie skepping]**

4.1.1 Gee die volle name van die ikone **A, B, C** en **D** in die prente hierbo. (4)

4.1.2 Noem die kontinent waar al die ikone in VRAAG 4.1.1 geleë is. (2)

4.1.3 Identifiseer die ikoon waar die kroonjuwele van die koninklike familie veilig bewaar word. (2)

4.1.4 Noem EEN belangrike feit oor ikoon **B**. (2)

4.1.5 "Almal verdien om die wêreldberoemde toeriste-attraksies te geniet wat ons in Londen kan bied – mense met gestremdhede is geen uitsondering nie," het die Britse Minister van Gestremde persone gesê.

Verduidelik TWEE maniere hoe die attraksies universeel toeganklik kan wees. (4)

4.2 Bestudeer die prent en die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE KREMLIN – MOSKOU**



**[Bron: www.bridgetomoscow.com]**

Moskou het een van Europa se mees besoekte stede geword. Inkomende toerisme het feitlik verdubbel oor die laaste paar jare voor die oorlog met die Oekraïne. Die goed-ontwikkelde fasiliteite, goeie hoteldiens, moderne publieke vervoerdienste en toerisme gebeurlikhede plus verbeterde publieke veiligheidsinisiatiewe het saamgewerk om ʼn belangrike verkoopspunt vir Moskou te word. 7,1% meer toeriste het die stad besoek na die 2018 FIFA Sokkerwêreldbeker.

Moskou is nog steeds besig om die toeriste-attraksies te ontwikkel:

- Nuwe dienste soos polisie vir toeriste is begin wat ten doel het om toeriste by te staan tydens ʼn besoek aan die stad. Die polisie offisiere kan baie tale praat om toeriste te help.
- Bel 122, ʼn 24-uur inbelsentrum vir enige toerisme-verwante inligting.
- Padtekens ('*signage*') om die toeriste te help om hulle pad makliker deur die stad te kry, is spesiaal in Engels vertaal.
- ʼn Belastingvrye sisteem laat toeriste toe om ʼn VAT terugbetaling op hulle inkopies te kry.

Rusland het ʼn volskaalse inval op die Oekraïne in Februarie 2022 begin wat tot die dood en die verplasing van duisende mense gelei het.

**[Bron: www.welcome.moscow.com]**

4.2.1 Voltooi die sin hieronder:

Die ikoon hierbo, is die Kremlin in Moskou en is in ... (land) geleë. (2)

4.2.2 Bespreek EEN funksie van die Kremlin. (2)

4.2.3 Die stad het baie geld spandeer om ʼn voorkeurbestemming vir toeriste te word.

Bespreek DRIE maniere waardeur die beeld van die stad verbeter is om meer toeriste te lok. (6)


4.3 Voorspel TWEE impakte wat die inval (aanval) op die Oekraïne op die toerisme-industrie in die land genoem in VRAAG 4.2.1 kon hê. (4)

**[28]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MALOTI-DRAKENSBERG PARK**




Aktiwiteite:

- Staptogte om een van die mees pragtige panoramiese uitsigte te geniet.
- Perdry deur die verstommende grasvelde.
- Sien die bes-bewaarde gefossileerde (verharde) dinosourus eiers.
- Kyk na ŉ pragtige sonsondergang op die sandsteenrotse.
- Bewonder die beste San rotskuns.
- Geniet ŉ 4x4 selfryrit op die hoogste grondpad (ongeteer).
- Sneeu op die bergkante gee jou die geleentheid om te ski.

**[Aangepas uit www.kznwildlife.com]**

5.1 Noem die organisasie wat verantwoordelik is vir die toekenning van wêrelderfenisstatus aan die attraksie. (2)

5.2 Gee die kategorie waaronder die Maloti-Drakensberg Park as Wêrelderfenisterrein verklaar is. (2)

5.3 Die terrein is amptelik gelys onder EEN van die volgende kriteria:

Kies die korrekte kriteria (**A** of **B**). Skryf SLEGS Kriteria **A** of Kriteria **B**. (2)

| **Kriteria A:**<br>Oorblyfsels is op die terrein gevind wat bewys lewer van hoe ŉ eens magtige koninkryk wat handel gedryf het met Arabië en Indië deur Oos-Afrika se hawens te gebruik, vernietig is deur klimaatsverandering. |
|---|

| **Kriteria B:**<br>Die rotskuns is die grootste en mees gekonsentreerde groep rotstekening in Afrika, suid van die Sahara. Dis uniek in beide kwaliteit en diversiteit om ons ŉ kykie (kennis) te gee oor die kultuur van die San en hulle manier van lewe. |
|---|

5.4 Die Maloti-Drakensberg Park speel ŉ belangrike rol in die ryk erfenis van Suid-Afrika.

Skryf EEN paragraaf oor die belangrikheid van hierdie terrein waarin die volgende aspekte bespreek word:

- Die belangrikheid van die San rotskuns wat in die Maloti-Drakensberg Park gevind word (1 x 2)
- Die rede waarom die terrein bewaar (beskerm) moet word (1 x 2)
- TWEE toeriste-aktiwiteite wat by die terrein geniet kan word (2 x 1) (6)

**[12]**

**VRAAG 6**

Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**REISHANDELSKOUE**

[Bron: www.opendestinations.com] [Bron: www.10times.com]

6.1 Die prente verteenwoordig twee reishandelskoue.

Gee EEN verskil tussen die reishandelskoue met verwysing na waar dit plaasvind. (2)

6.2 Bespreek TWEE belangrike rolle van handelskoue in die bemarking van Suid-Afrika as voorkeurbestemming. (4)

6.3 Sommige diensverskaffers, soos hotelle en motorverhuringsagentskappe, kollekteer toerismeheffings van die toeriste en hulle betaal dit oor aan TOMSA en die TBCSA.

Bespreek TWEE maniere hoe die diensverskaffers voordeel daaruit trek deur toerismeheffing-bydraers (insamelaars) te wees. (4)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE- EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**VRAAG 7**

7.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING OP 'N BESIGHEIDSKAARTJIE**




**[Bron: www.photoadking.com]**


7.1.1 Identifiseer TWEE aspekte van die besigheidskaartjie hierbo wat ʼn professionele beeld van die toerismebesigheid aandui. (4)

7.1.2 Verduidelik TWEE redes waarom dit belangrik is vir ʼn toerismebesigheid om ʼn professionele beeld te hê. (4)

7.2 Gee EEN manier hoe ʼn werknemer van ʼn toerismebesigheid die Wet op Basiese Diensvoorwaardes kan gebruik. (2)

7.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WORD ETENSTYD TOEGELAAT?**




7.3.1 Toon aan of die besigheid in die spotprent hierbo hou by die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. . (2)

7.3.2 (a) Verduidelik, deur na die spotprent te verwys, hoe die besigheid die Wet op Basiese Diensvoorwaardes oortree. (2)

(b) Gee EEN regulasie oor etenstye wat in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes aangedui word. (2)

**[16]**

**VRAAG 8**

8.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GROOTBOS
Privaat Natuurreservaat
★★★★★

ʼn Besoek aan Grootbos Privaat Natuurreservaat is ʼn baie goeie voorbeeld van hoe die beginsels van ekotoerisme toegepas word. Grootbos het hulle reg van die begin af toegewy aan die bewaring van die streek se biodiversiteit sowel as die opheffing van die plaaslike gemeenskap. In 1991 het Heiner and Eva Lutzeyer ʼn groot plaas gekoop. Dis ʼn ongerepte stuk natuurskoon met baie plante en wilde diere wat beskerm is. Dit is ook ʼn internasionale 5-ster ekolodge en word beskou as ʼn wêreldleier op die gebied van ekotoerisme.

Die personeel van Grootbos het al die uitheemse plante van die eiendom af verwyder, beskadigde areas herstel en bestuur nou die area volgens streng omgewingsbewaring-beginsels.

Perdrytoere deur die Grootbos Privaat Natuurreservaat word onderneem deur veldgidse wat plaaslik opgelei is. Die plaaslike gemeenskap word bemagtig en trek voordeel uit nie-winsgewende programme. Grootbos gee werk aan 150 permanente personeellede, waarvan 80% deel is van die plaaslike gemeenskap.

**[Aangepas uit www.grootbos.com]**

8.1.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies.

Ekotoerisme is toerisme wat fokus op die bewaring van die (kulturele/natuurlike) omgewing. (1)

8.1.2 Gee TWEE ekotoerisme beginsels wat gebruik word deur Grootbos Privaat Natuurreservaat as ʼn riglyn in hulle optredes. (4)

8.2 Grootbos Privaat Natuurreservaat is ʼn baie goeie voorbeeld van hoe om ekotoerisme-beginsels toe te pas.

Evalueer of Grootbos Privaat Natuurreservaat die driedubbelslotreël (‘*triple bottom line’*) benadering toepas.

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Die DRIE pilare (3 x 1)
- ʼn Verduideliking vanuit die leesstuk om ELKE pilaar te ondersteun (3 x 2) (9)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**IS MENSEREGTE AANGETAS?**

FIFA WÊRELDBEKER
Qatar2022

Terwyl die Wêreldbeker wedstryde aan die gang was, het menseregte aktiviste in opstand gekom teen die sokkerwedstryde en die Qatar amptenare. Die rede vir die ongelukkigheid was die menseregte aange leenthede vir die honderde werkers wat toe besig was met die voorbereiding en konstruksie van die infrastruktuur.

Daar is gerapporteer dat werkers geforseer is om lang ure in die verskriklike hitte te werk en hulle is onderbetaal. Die toesighouers het ook sommige werkers gedreig.

Omtrent 90% van al die werkers in Qatar is van buite Qatar en het gewerk in konstruksie, in huishoudings en in hotelle.

Hulle is nie goed behandel nie en baie mense is dood tydens die voorbereidings vir die Qatar Wêreldbeker.

**[Aangepas uit abcnews.go.com]**

9.1.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Die FIFA Sokker Wêreldbeker word geklassifiseer as ŉ (beraad/sport) wêreldgebeurtenis. (2)

9.1.2 Bespreek EEN positiewe impak op die infrastuktuurontwikkeling as ŉ resultaat van die wêreldgebeurtenis. (2)

9.1.3 Bespreek TWEE maniere hoe die negatiewe publisitieit die gasheerland se beeld beskadig het. (4)

9.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ORKAAN IAN**



**[Bron: www.cbsnews.com]**

9.2.1 Voltooi die volgende sin:


Orkaan Ian was 'n onvoorsiene gebeurtenis en is 'n voorbeeld van 'n ... (2)

9.2.2 Maande nadat Orkaan Ian Florida, VSA, in September 2022, getref het, word pogings steeds aangewend om basiese dienste en fasiliteite te herstel.

Bespreek krities TWEE negatiewe ekonomiese impakte wat die orkaan op die toerismebedryf van die geaffekteerde areas gehad het. (4)

9.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE ONTWIKKELING VAN METODES VAN BETALING**




9.3.1 Identifiseer die TWEE metodes van betaling wat in die spotprent aangetoon word. (4)

9.3.2 Verwys na die metode van betaling wat by 'NOU' op die spotprent gemerk is.

Bespreek EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie vorm van betaling. (4)


9.4 Gee EEN rede waarom 'n Suid-Afrikaanse toeris 'n voorafgelaaide buitelandse valuta-debietkaart sal verkies vir 'n oorsese vakansie. (2)

**[24]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE DAISY HOTEL – KLIËNTE TEVREDENHEID**




**[Bron: www.surveystance.com]**

10.1 Identifiseer die terugvoermetode wat deur Die Daisy Hotel gebruik word soos voorgestel in die prent hierbo. (2)

10.2 Me. Rowan is aangestel as die nuwe hoofbestuurder by Die Daisy Hotel. Sy is nie vertroud met die metode van terugvoer wat in die prent hierbo uitgebeeld word nie. Jy is ŉ konsultant en Me. Rowan het jou opinie oor die metode gevra.

Bespreek EEN voordeel en EEN nadeel van die metode van terugvoer wat in die prent hierbo voorgestel word. (4)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2023
# NASIENRIGLYNE

| TOERISME (10870) |
|---|

14 bladsye

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B ✓/swak | FX |
| | 1.1.2 | B ✓/ toestelle wat baie energie gebruik | SR |
| | 1.1.3 | C ✓/ 8 | MTP |
| | 1.1.4 | C ✓/ goeie kommunikasievaardighede | TA |
| | 1.1.5 | B ✓/ 45 uur | TA |
| | 1.1.6 | D✓/ 'n Netjiese en goed versorgde voorkoms van die perseel | TA |
| | 1.1.7 | B ✓/ Auschwitz | TA |
| | 1.1.8 | C ✓/ Mapungubwe Kulturele Landskap | CH |
| | 1.1.9 | B ✓/ SAHRA. | CH |
| | 1.1.10 | A ✓/ WTM | M |
| | 1.1.11 | D ✓/ omgewings, ekonomiese en maatskaplike | SR |
| | 1.1.12 | C ✓/ Kernpligte | TS |
| | 1.1.13 | D ✓/ die oorhandiging van eienaarskap aan die plaaslike gemeenskap | SR |
| | 1.1.14 | A ✓/ 18:00 | MTP |
| | 1.1.15 | D ✓/ Verlies aan privaatheid | SR |
| | 1.1.16 | D ✓/ 'n ongeluk | DRI |
| | 1.1.17 | A ✓/ minder groei in die ekonomie en die toerismebedryf. | DRI |
| | 1.1.18 | C ✓/ Dit is 'n gerieflike en 'n geldlose (*cashless*) manier van betaling. | DRI |
| | 1.1.19 | B ✓/ kliënte wat positiewe mondelingse reklame (*'word-of-mouth'*) gee. | CC |
| | 1.1.20 | A ✓/ kern | TS |

(20 x 1) (20)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | tydsone ✓ | MTP | |
| | 1.2.2 | volhoubaarheid ✓ | SR | |
| | 1.2.3 | lengtelyn ✓ | MTP | |
| | 1.2.4 | bilharzia ✓ | MTP | |
| | 1.2.5 | DBT ✓ | MTP | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | Paspoort ✓ | MTP | |
| | 1.3.2 | indiensnemingskontrak ✓ | MTP | |
| | 1.3.3 | Doeane ✓ | MTP | |
| | 1.3.4 | wins ✓ | SR | |
| | 1.3.5 | verpligte ✓ | MTP | (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | D ✓/ Die aantal internasionale besoekers aan 'n land in 'n spesifieke jaar | DRI | |
| | 1.4.2 | E ✓/ Die tydsduur wat 'n toeris by 'n bestemming deurbring | DRI | |
| | 1.4.3 | C ✓/ Die bedrag betaal vir goedere en dienste tydens 'n toeristevakansie | DRI | |
| | 1.4.4 | G ✓/ Wes-Kaap en Gauteng | DRI | |
| | 1.4.5 | A ✓/ Die reksprong by die Bloukransbrug | DRI | (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | E ✓ | TA | |
| | 1.5.2 | C ✓ | TA | |
| | 1.5.3 | B ✓ | TA | |
| | 1.5.4 | A ✓ | TA | |
| | 1.5.5 | D ✓ | TA | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING**

**VRAAG 2**

**MTP**

2.1. 2.1.1 Montreal –5
Doha +3 Tydsverskil: 8 uur ✓

Tyd in Doha = 8:00
Tyd in Montreal = 8:00 (–✓) 8 uur (tydsverskil)
= 00:00

Vliegtyd = 00:00 (+ ✓) 13 uur vliegtyd
= 13:00 ✓ 2 November 2023 ✓

**OF**

Montreal (-5) Doha (+3)

Tydsverskil: 8 uur ✓

(– ✓) 8 uur
Plaaslike tyd in Montreal: 00:00

(+✓) 13 uur vliegtyd

? Arriveertyd Vertrek: 08:00

13:00 ✓
2 November 2023 ✓

**OF**

Arriveer in Montreal om 13:00 ✓✓✓✓ op 2 November 2023 ✓ (5)

**MTP**

2.1.2 Montreal –5
Johannesburg +2 Tydsverskil: 7 uur✓

14:00 (+✓) 7 uur tydsverskil
=21:00 ✓

**OF**

Montreal (–5) Johannesburg (+2)

Tydsverskil: 7 uur ✓

(+✓) 7 uur

14:00 ??
Tyd toe oproep
ontvang is
21:00 ✓ (3)

**OF**

21:00 ✓✓✓

2.1.3 Nee, daar sal niemand op kantoor wees ten tye van haar oproep nie. Rede: Die kantoor sal gesluit wees – 21:00 in die nag ✓✓

- Montreal en Suid-Afrika is op 2 verskillende tydsones. Dit is 7 uur later in Suid-Afrika.
- Me. Khumalo kan ’n boodskap op die antwoordmasjien los sodat haar werkgewer die volgende môre daarna kan luister.
- Dit is moontlik dat daar personeel op nagskof by die kantoor is (om 21:00) – of ‘n kollega wat besig is met ‘n ander toer

**NOTA:** *Geen punt word vir net Ja of Nee gegee nie.* (2)

2.2 2.2.1 Vlugvoosheid ✓✓ MTP (2)

2.2.2 Baie (meer as 3) tydsones is oorgesteek ✓✓ MTP

- Die vlug was van oos na wes
- Die vlug was teen die rotasie van die aarde (2)

2.2.3 **Maniere om die simptome van vlugvoosheid *voor* die vlug te minimaliseer:** MTP

Drink baie water. ✓✓

- Kry genoeg oefening.
- Kry genoeg rus.
- Eet gesonde kos voor die vlug.
- Begin met die aanpassing van jou tyd in lyn met die plaaslike tyd van die bestemming.
- Medikasie
- Bly kalm, dit sal die simptome meer draaglik maak (2)

2.3 2.3.1 Moenie in afgeleë areas ry nie. ✓✓ MTP

Hou alle waardevolle artikels in die kattebak van die voertuig toegesluit. ✓✓

- Moenie weerstand bied as daar ’n kaping is nie.
- Beplan jou roete vooruit.
- Maak seker dat jy genoeg petrol vir die reis het.
- Moenie vreemdelinge oplaai nie.
- Moenie jou motor los waar daar geen mense is nie.

**NOTA**: *Aanvaar alle relevante voorbeelde van veiligheidsmaatreels wanneer met ‘n motor gereis word.* (4)

2.3.2 Toeriste beskou Suid-Afrika as onveilig en sal eerder veiliger bestemmings soek/besoek. ✓✓ MTP

Negatiewe publisiteit – toeriste sal ander bestemmings besoek. ✓✓

- Geen beleggers sal geld in so ’n onveilige bestemming belê nie . (4)

2.4 2.4.1 20 sigare ✓ MTP

50 ml parfuum ✓ (2)

2.4.2 (a) 400 sigarette ✓ MTP

3 x 750 ml wyn ✓ (2)

(b) Slegs 200 sigarette word toegelaat as belastingvry. ✓ MTP

Slegs 2 liters wyn word toegelaat as belastingvry. ✓ (2)

2.5 2.5.1 **Voorkoming** MTP

Vermy kontak met mense wat geïnfekteer is, veral mense wat aanhoudend hoes. ✓✓
Was altyd jou hande deeglik. ✓✓

- Dra 'n masker (in die teenwoordigheid van mense wat TB het)
- Vermy areas waar baie mense byeen is
- Goed-geventileerde areas (4)

2.5.2 **Behandeling** MTP

Neem voorgeskrewe medisyne vir 6 tot 12 maande sonder om een dag oor te slaan. ✓✓

- Maak die hele kursus van die medisyne klaar (2)

**[36]**

**VRAAG 3**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 | EUR ✓ | FX | (1) |
| | 3.1.2 | B ✓<br>• € | FX | (1) |
| | 3.1.3 | R50 000,00 (÷) ✓ 17,53 ✓ = VSD 2 852,25 ✓<br>**OF**<br>VSD 2 852,25 ✓✓✓ | FX | (3) |
| | 3.1.4 | £1 000 (x) ✓ 20,06 ✓ = ZAR 20 060,00 ✓<br>**OF**<br>ZAR 20 060,00 ✓✓✓ | FX | (3) |

3.2 **TWEE impakte van ’n sterk rand op inkomende toerisme:** FX

Dit sal lei tot ’n afname in inkomende toerisme. ✓✓
Die aanvraag vir goedere en dienste sal afneem. ✓✓

- Suid-Afrika sal ’n duur bestemming word en toeriste sal afskrik om die land te besoek.
- Die toeriste sal lae koopkrag hê.
- Hulle sal minder rand vir hulle geld ontvang. (4)

**EEN impak op die BBP van die land:**

Minder dienste en produkte word benodig omdat minder toeriste die land besoek, daarom sal die BBP laer wees. ✓✓

- Die bydrae tot die BBP aan Suid-Afrika sal minder wees (laer persentasie).
- Toerisme sal al duurder word.
- Pryse van toerisme produkte sal minder kompeterend wees.
- Toerisme as ’n belangrike sektor van BBP sal swak vertoon. (2)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISTEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 A – Big Ben ✓ **TA**
B – Toringbrug ✓
C – Toring van Londen ✓
D – Buckingham-paleis ✓ (4)

4.1.2 Europa ✓✓ **TA** (2)

4.1.3 Toring van Londen ✓✓ **TA**
- C/Ikoon C (2)

4.1.4 Dit is ʼn suspensie-brug wat oor die Thamesrivier strek. ✓✓ **TA**
- Dit het twee torings alkante van 64 m hoog. Die torings is verbind met ʼn voetoorgang.
- Dit is wyd genoeg vir motors om oor die brug te ry.
- Die brug maak oop om groot skepe deur te laat.
- Die tweeling torings, voetoorgang en enjinkamers is uitstalruimtes wat toeriste kan besoek. (2)

4.1.5 Daar moet ʼn hyser wees om toegang tot alle vlakke van ʼn besienswaardigheid te kry. ✓✓ **TA**
Hierdie hyser moet beheerknoppies hê vir maklike toegang tot mense in rolstoele.
Toeganklike toilette moet beskikbaar wees. ✓✓
- Spesiale ingange by die attraksies moet nader wees vir maklike toegang (naby parkering areas).
- Spesiale parkeerplekke vir toeriste in rolstoele.
- Gratis toegang vir ʼn fisiese gestremde persoon en die persoon wat hulle help, as hulle een benodig.
- Oudio materiaal moet beskikbaar wees vir mense wat halfblind/ blind is.
- Visuele materiaal en inligting moet strategies geplaas wees vir mense wat doof/gehoorgestremd is. (4)

4.2 4.2.1 Rusland ✓✓ **TA** (2)

4.2.2 Dit is die setel van die Russiese parlement. ✓✓ **TA**
- Dit is die simbool van Russiese gesag (mag). (2)

4.2.3 Hulle het hulle vervoerdienste, geriewe, fasiliteite, hoteldienste and publieke veiligheidsdienste verbeter. ✓✓ **TA**
Hulle het toerisme polisiedienste verbeter om buitelandse toeriste te help. ✓✓
Padtekens is in Engels vertaal om dit makliker te maak vir toeriste om hulleself in die stad te help. ✓✓
- Die polisiebeamptes praat baie tale.
- ʼn 24-uur inbelsentrum kan bereik word deur 122 te skakel.
- ʼn Belastingvrye stelsel laat toeriste toe om ʼn belasting terugbetaling te kry. (6)

4.3 Die inval het die beeld wat Rusland opgebou het, skade aangedoen. ✓✓ TA
Toeriste het ŉ standpunt teen Rusland ingeneem en het besluit om nie die land te besoek nie. ✓✓

- Toeriste het onveilig gevoel en het hulle beplande toere na Rusland gekanselleer.
- Inkomende toeriste getalle na Rusland het afgeneem. (4)

**[28]**

**VRAAG 5**

5.1 UNESCO ✓✓ CH (2)

5.2 Gemengde terrein ✓✓ CH

- Beide natuurlik en kultureel (2)

5.3 Kriteria **B** ✓✓ CH (2)

5.4 **Belangrikheid van die rotskuns:** CH
Rotskuns is die visuele bewys van die San se ou verlede. ✓✓

- Dit gee ŉ perspektief op die lewens en oortuiginge van ons voorvaders.

**Rede waarom die terrein bewaar moet word:**
Dit verteenwoordig een van die vroegste vorms van kreatiwiteit van die mens. As dit beskadig word, is dit vir altyd verlore. Dit is daarom belangrik dat ons dié terreine bewaar. ✓✓

- Dié terreine word as heilig beskou en moet daarom bewaar word.
- Bewaar dit vir toekomstige nageslagte.

**Aktiwiteite wat daar geniet kan word: Noem TWEE:**
Geniet staptogte om een van die pragtige panoramiese uitsig te geniet. ✓
Geniet ŉ rit te perd deur die pragtige landskap/grasvelde. ✓

- Sien die beste – bewaarde gefossileerde dinosaur eiers.
- Kyk na die ondergaande son op die sandsteen rotse.
- Bewonder die Boesman rotskuns tekeninge.
- Geniet ŉ 4x4 selfryrit op die hoogste grondpad denkbaar.
- Gebruik die sneeu toestande om te kan ski in die berge. (6)

**[12]**

**VRAAG 6**

6.1 ITB Berlin (Duitsland) is ŉ internasionale handelskou en die Getaway skou is ŉ plaaslike handelskou. ✓✓ **M**
Die ITB vind plaas in Berlyn, Duitsland en die Getaway Skou vind plaas in Kaapstad, Suid-Afrika.
- Vind plaas in twee verskillende kontinente of lande (2)

6.2 Dit laat toerismebesighede toe om hulle produkte en dienste uit te stal. ✓✓ **M**
- Dit is ŉ uitstekende platform vir bemarking en neigings (tendense) in die toerisme-industrie. ✓✓
- Daar is geleentheid om potensiële kliënte, toeroperateurs en reisagente persoonlik te ontmoet.
- Dit is ŉ geleentheid om nuwe produkte en dienste aan die industrie bekend te stel.
- Geleenthede vir netwerk tussen die besoekers en die uitstallers. (4)

6.3 Bemarking deur TBCSA en SAToerisme bv. spoed bemarkingsessies. ✓✓ **M**
Hoër getalle toeriste want bemarking word deur SAToerisme gedoen. ✓✓
- Die diensverskaffers kry afslag (laer pryse) op die spasie wat gebruik word as uitstaller by die handelskoue.
- Die akkommodasie sektor diensverskaffers betaal ŉ verminderde bedrag vir graderingskostes.
- Die diensverskaffers kwalifiseer vir SEB punte.
- Die diensverskaffers word as voorkeurverskaffers deur SAToerisme en die Departement van Toerisme vir reisreëlings gebruik.
- Voorkeur word aan die diensverskaffers gegee vir die Tourism Incentive Programme (TIP).

**NOTA**: *Voordele genoem moet op diensverskaffers betrekking hê* (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE- EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 7.1.1 Naam van die maatskappy/besigheid ✓✓ TS
Logo ✓✓
- Slagspreuk
- Webblad teenwoordigheid
- Bemarkingsmateriaal
- Netjiese, goeie uitleg
- Naam van die persoon en sy posisie
- Kontakbesonderhede
- Mooi afgerond met ’n raampie (4)

7.1.2 Om ’n verhouding van vertroue met die kliënte te bou. ✓✓ TS
Om goeie mondelingse reklame te kry. ✓✓
- Om herhaal besoeke te ontvang.
- Om die kliëntebasis te vergroot.
- Om die maatskappy se handelsmerk te vergroot. (4)

7.2 Om die regte van die werkgewer en die werknemer te beskerm. ✓✓ TS
- Gee leiding oor regsverwante aangeleenthede.

**NOTA**: *Aanvaar voorbeelde van die verskillende kategoriee van die BCEA.* (2)

7.3 7.3.1 Nee ✓✓ TS
- Die besigheid volg nie die bepalings nie.
- Die besigheid moet middagete-pouse toelaat soos uiteengesit in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (BCEA). (2)

7.3.2 (a) In die spotprent word daar van hulle verwag om deur hulle etenstyd te werk wat teen die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is. ✓✓
- Die werknemers word nie vergoed as hulle werk gedurende hulle etenstyd nie (2)

(b) Alle werknemers moet ’n etenstyd van 45 minute tot ’n uur kry nadat daar 5 uur lank gewerk is. ✓✓
- Werknemers kan slegs werk gedurende hulle etenstyd as daar ‘n ooreenkoms is en vergoeding bespreek is. (2)

**[16]**

**VRAAG 8**

8.1 8.1.1 natuurlike ✓ SR (1)

8.1.2 Om die minimum impak op die natuurlike omgewing te hê. ✓✓ SR
Om die gemeenskap te bevorder en op te hef. ✓✓

- Om omgewings- en kulturele bewustheid en respek te bou.
- Om ʼn positiewe kliënt ervaring te verseker.
- Om seker te maak dat die plaaslike gemeenskap direk voordeel trek.
- Om vaardigheidsontwikkeling en bemagtigingsgeleenthede te bevorder.
- Om toegewyd te wees aan die bewaring van die streek se biodiversiteit.
- Om eko-vriendelike geboue te hê (4)

8.2 **Maatskaplike pilaar** /Mense ✓ SR (1)
Werkskepping vir die plaaslike toergidse. ✓✓

- Opheffing van die plaaslike gemeenskap.
- Plaaslik opgeleide veldgidse help die toeriste.
- Nie-winsgewende programme strek tot die plaaslike gemeenskap se voordeel. (2)

**Omgewingspilaar** /Planeet ✓ (1)
Uitheemse plante is verwyder. ✓✓

- Beskadige areas is herstel/verbeter.
- Die ongerepte botaniese reservaat is behou.
- Die streek se biodiversiteit word beskerm.
- Dit is ʼn veilige plek vir beseerde diere om te herstel/toevlugsoord vir wild.
- Die land word in lyn met streng omgewingsbeginsels bestuur. (2)
- ʻn Internasionale 5-ster eko-lodge wys dat ekotoerisme ondersteun word. (1)

**Ekonomiese pilaar/ Wins** ✓
Die reservaat gee werk aan 150 voltydse personeel. ✓✓

- 80% van die werknemers is van die plaaslike gemeenskap. (2)
- Perdry toere word geboek en genereer ʼn inkomste vir die plaaslike opgeleide veldgidse.

**[14]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME, KOMMUNIKASIE EN KLIËNTE DIENS

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 sport ✓✓ DRI (2)

9.1.2 **Enige wêreld gebeurtenis sal nuwe/verbeterde infrastruktuur ontwikkeling vereis: Dit kan die volgende insluit:** DRI
Nuwe/verbeterde stadiums ✓✓
- Beter paaie/nuwe paaie wat na die attraksies lei.
- Verbeterde dienste bv. nooddienste respons spanne
- Mediese dienste wat toeganklik is.
- Verbeterde padtekens/aanduidings/borde waar dit nodig is.
- Beter en effektiewe vervoerdienste.
- Beter/Nuwe hotels/huise om buitelandse besoekers te akkommodeer
- Verbeterde basiese infrastruktuur (water, elektrisiteit, rioolverwydering) in areas waar die ontwikkeling plaasvind. (2)

9.1.3 Aantuigings van menseregte skending sal die beeld van die nasie skade aandoen. Alle mense van Qatar sal so gesien word. ✓✓ DRI
Daar kan handelsboikotte ingestel word deur die res van die wêreld. ✓✓
- Internasionale reis na en van die land sal beperk wees.
- Werkers mag dalk nie so gretig wees om in Qatar te werk nie.
- Al die goeie wat gedurende die Wêreldbeker gedoen is, sal afgebreek word deur die negatiewe publisiteit. (4)

9.2 9.2.1 Natuurlike ramp ✓✓ DRI
- Baie erge storm (2)

9.2.2 Toegang na alle fasiliteite en dienste is onderbreek. ✓✓ DRI
Skade aan infrastruktuur – toeriste sal nie die area/land kan verlaat of na die area reis nie. ✓✓
- Geen elektrisiteit en/of water nie – toerismebesighede kan nie aangaan nie.
- Verlies aan toerisme inkomste vir verwante besighede.
- Beplande besoeke sal gekanselleer word en terugbetalings sal gedoen moet word.
- Afname in die toeriste getalle na die streek a.g.v. beperkte lug toegang.
- Besighede langs die kus sal nie kan aangaan met besigheid nie omdat die hele kusgebied so erg beskadig was. (4)

9.3 9.3.1 Kontant ✓✓ DRI
Debietkaart ✓✓
- Kredietkaart
- Kontaklose betaling
- "Tap" om te betaal (4)

9.3.2 **Voordele:** DRI
Geen kontak is nodig wanneer dié vorm van betaling gebruik word nie. ✓✓
- ŉ Kliënt raak met sy kaart aan die masjien en die betaling is gedoen. Nie nodig om kontant te dra nie. (veiliger)
- Nie nodig om ŉ PIN te onthou of in te sit nie (vir kleiner bedrae).
- Dit is vinnige en gerieflike betaalmetode. (2)

**Nadele:** DRI
'Tap' om te betaal – skelms kan geld trek deur net naby die kaart te wees. ✓✓
- Indien die kaart verloor is of gesteel is, kan die kaart nog steeds gebruik al is die eienaar nie teenwoordig nie. .
- Elektrisiteit is nodig vir sommige transaksies.
- Beurtkrag mag die transaksies onmoontlik maak.
- Slegs sekere bedrae kan gemaak word. As die bedrag oorskry word, moet die PIN ingesleutel word.
- Konnektiwiteit met die bank kan probleme of vertragings veroorsaak.
- Nie alle klein besighede of informele besighede het toegang tot die kaartfasiliteitmasjien nie (POS "Point of Sale"). (2)

9.4 Veilig om te gebruik ✓✓ Nie nodig om groot bedrae kontant rond te dra nie
- Maklik om te gebruik (gerieflik)
- Kan nie meer geld spandeer as wat op die kaart gelaai is nie.
- Weet wat die verhandelingsbedrag ('exchange rate') is voor die reis plaasvind.
- Koste effektief
- Kan orals gebruik word waar kredietkaarte aanvaar word.
- ŉ Rekord van die betalings wat gedurende die reis gemaak is, sal beskikbaar wees. (2)

**[24]**

**VRAAG 10**

10.1 Terugvoerkaart ✓✓ CC (2)
- Kliënt opname
- Tevredenheidsgraderingskaart

10.2 **Voordele:** CC

Maklik om te verstaan en in te vul ✓✓
- Vinnig om in te vul – bespaar tyd
- Gerieflik – gewoonlik beskikbaar by die ontvangstoonbank van die hotel.
- Dit gee die kliënte ŉ geleentheid om hulle mening te lug (goed of sleg) voordat hulle negatiewe mondelinge verspreiding kan doen.
- Emojis word in alle tale verstaan. (2)

**Nadele:**

Die hotel sal nie presiese inligting van die kaarte kry nie. ✓✓
- Die terugvoer is baie vaag – geen besonderhede nie.
- Die bestuurder sal nie weet watter afdeling van die hotel moet verbeter of watter afdeling se diens op standaard is nie.
- Die bestuurder sal nie weet watter afdeling ŉ probleem is/nie is nie.
- Meer besonderhede is nodig vir hierdie metode om waardevolle inligting te verskaf en hierdie metode meer suksesvol te maak. (2)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**TOTAAL: 200**